
24 MEI 2026

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | PINKSTERFEES: UITGESTUUR | HAND. 2:1-13



Die Gees bring Christus se lewe, deur gelowiges, na die wêreld.

# PINKSTER 2026

Ons wil net baie dakie sê vir elke lidmaat wat betrokke was by Pinkster, elkeen wat bygewoon het, elkeen wat sop en broodjies gebring het, elkeen wat foto's ingestuur het. Dit was 'n goeie week saam en ons sien uit om dit saam af te sluit hierdie Sondag met Pinksterfees waar ons ook saam Nagmaal vier.






## PINKSTER: NEEM 'N FOTO

Gedurende Pinkster word julle genooi om 'n eenvoudige maar kreatiewe praktyk te doen. Elke persoon neem 'n foto van hulle perspektief ("view") van die diens vanuit die ruimte waar hulle sit of staan.

Dit kan wees:

- die kapel se stilte
- die uitsig van die gallery
- die tuin by die gedenkmuur
- die kerkbanke

Hierdie foto's wys dat elke mens God vanuit 'n unieke perspektief beleef.Gemeentelede kan die foto's stuur in na die TK nommer in HD. Hierdie oefening help ons om visueel te sien hoe verskillende perspektiewe saam 'n groter prent vorm.

# LIEWE GEMEENTE

Ek wil julle graag verseker dat my hart en toewyding nog altyd 100% by Toringkerk is. Soos die afgelope 12 jaar, bly ek altyd net 'n oproep weg.

Ek woon nou saam met Emile en die seuns in Bellville. Ons huisvesting daar is 'n praktiese besluit ter wille van die seuns. Dit verander egter niks aan my betrokkenheid, beskikbaarheid en liefde vir die gemeente nie.

My hart en deur is altyd oop vir julle so as jy 'n behoefte het om my te sien of te gesels, is ek beskikbaar in die Paarl. Kontak my gerus soos altyd.

Liefde,
Jana



# KUIER & KLETS

Op ‘n heerlike wintersoggend het ons Riebeek Kasteel besoek. Maandae is die dorpie baie stil en kon ons ongehinderd rondkyk en snuffel in al die mooi en interessante winkels. Die oggend is afgesluit met ‘n gesellige kuier en lekker eetgoed by Delico. Die volgende bymekaarkom is in Junie (datum en program volg) in die kerksaal met sop en brood op die spyskaart.





# BEHOEFTE AAN ‘N KLEINGROEP?

Daar is heelwat belangstelling in ‘n nuwe kleingroep van nuwe lidmate, jongwerkendes en jong ouers in die gemeente. Indien jy ook hierin belangstel, kontak asb vir Jana hieroor.

Ons kan dan saam bepaal watse aand en tyd almal pas. Alternatiewelik is julle welkom om aan te sluit by The Chosen - elke Sondagaand om 17:30 in die kapel - wat ook as kleingroep funksioneer.

# THE CHOSEN

Ons gaan weer aan met die reeks, The Chosen. Elke **Sondagaand om 17:30 in die Kapel.** Gebruik asb die agterste kerkdeur aan die kantoor se kant om in te kom.

Ons kyk ‘n episode en dan bespreek ons dit saam. Ons is gewoonlik so teen 19:00/19:30 klaar. Ons wil jou aanmoedig om te oorweeg om by te woon. Die reeks het al ongelooflik baie beteken vir mense itv om Jesus nog meer persoonlik te beleef en ‘n beter greep te kry op Sy bediening.

***Raak deel van die whatsapp groep op die TK gemeenskap.***



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# dagboek DIE DATUM



17 MEI **PINKSTER BEGIN**
TORINGKERK | 09:30



18-20 MEI **PINKSTER-AANDE**
TORINGKERK | 18:00



24 MEI **PINKSTERFEES**
TORINGKERK | 09:30



24 MEI **NAGMAAL**
TORINGKERK | 09:30




28JUN-19JUL **SAFARI KERK**
PAARL | 09:00



26 JUL **INTERSKOLE DIENS**
TORINGKERK | 18:30

# WINTER HOOP

Ons wil graag 'n voorraad items by die kerkkantoor hou om uit te deel waar daar nood is. Indien jy kan help, vra ons asseblief vir warm komberse, mussies, handskoene en klere.

Ons wil ook graag "Jars of Hope" uitdeel en benodig die volgende:

- glashouers
- rys
- sopmengsel
- lensies
- aftrekselblokkies
- pakkies soppoeier

***Baie dankie vir elkeen se omgee, ondersteuning en bydrae — dit maak 'n groot verskil.***






# MARKIETIE TAFEL-KOÖRDINEERDERS

Ons kort nog 'n paar koördineerders vir van die tafels/ stalletjies. Sal jy asb oorweeg om hand op te steek om voor te vat met die bemanning en reëlings rondom die een van die tafels? Dit vra nie van jou om 'n finansiele bydra te maak nie, dit is bloot praktiese reëlings en saamwerk met die groter Markietie span. Ons het lyste op hierdie Sondag in die voorportaal van die kerk waar jy jou naam kan opskryf. Alternatiewelik kan jy die kerkkantoor kontak en jou naam daar ingee.

Tafels koördineerders word benodig by:


- Koffie, tee, hot chocolate
- Koeldranke
- Samoesas en spring rolls
- Boereworsrolle
- Nachos
- Vetkoeke

# RAMPHULP

Na die swaar storms en vloede wat die afgelope tyd groot skade regoor die Wes-Kaap veroorsaak het, vra Diaconia weer gemeentes en lidmate om hulle ramphulpfonds te ondersteun. In tye van krisis word hoop sigaar deur gedeelde sorg en elke bydrae help om praktiese hulp moontlik te maak waar dit nou die nodigste is.

Navrae oor ramphulp kan gerig word aan Alex Clark by 083 492 5753. 'n Artikel 18A-sertifikaat is beskikbaar op versoek by diaconia@kaapkerk.co.za.




KOOP KAARTJIES HIER:
HTTPS://WWW.QUICKET.CO.ZA/EVENTS/368796-THE-LARK-ASCENDING-ECHOES-OF-ETERNITY/
Echoes of Eternity
The Lark Ascending
Johanna Roos - viool
Diederick Basson - orrel
Sondag 31 Mei 2026 - 11:15
Toringkerk Paarl
Quicket

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

24 Mei Jan Lotz
24 Mei Wybrand Van der Westhuizen
24 Mei Johan van der Westhuizen
25 Mei Chané Agenbag
25 Mei Chrisjan Baartman
25 Mei Jaco Louw
25 Mei Gerrit Snyman
26 Mei Anja Bekker
26 Mei Leanna De Kock
26 Mei Helena Du Toit
26 Mei Jessica Jansen van Rensburg
26 Mei Kallie Louw
27 Mei Hugo Engelbrecht
27 Mei Alet Slabber
27 Mei Jacolene Slabber
27 Mei Rachel Van Rooyen
28 Mei Nicola Fourie
28 Mei Johanna Willemse
29 Mei Megan Fourie
29 Mei Steven Griffiths
29 Mei Johanna Heydenrych
29 Mei Johan van Deventer
29 Mei Carina Verwey
29 Mei Nicole Verwey
30 Mei Floris Borman
30 Mei Michelle Germishuys
30 Mei Johan Klue
30 Mei Hannes Marais
30 Mei Norman Nieder-Heitmann
30 Mei André Visser

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Kinderkleingroepe hierdie Sondag. Tema: Jesus as kind.

## KRUISCONNECT (GR. 8-10)

KruisConnect hierdie Sondag van na kerk tot 11h30.

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk Dinsdae aande om 19h00 in die Bo saal.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 24 Mei**
Ps. 104

**MAANDAG, 25 Mei**
Ps. 34

**DINSDAG , 26 Mei**
Hand.15:5-12

**WOENSDAG, 27 Mei**
Spr.23:15-19

**DONDERDAG, 28 Mei**
Luk.12:4-12

**VRYDAG, 29 Mei**
Heb.9:22-28

**SATERDAG, 30 Mei**
Rom. 15:7-13

**SONDAG, 31 Mei**
2 Kor. 13:11-13

# DEURKOLLEKTE

## SINODALE KOLLEKTE: JEUG

Die Jeug en Familiebediening van die Wes-Kaapland fokus op die ondersteuning, toerusting en navorsing van Jeugwerk wat deur gemeentes gedoen word, en sluit onder andere die volgende in:

- Kategese ondersteuning
- Familiebediening hulpmiddels
- #imagine feesnaweek
- Navorsing oor Jong Volwasse bediening
- Kinderbediening ondersteuning

# KALENDERBORG: MEI

CATHMAR
TV & RADIO

9 New Street, Paarl, 7646 | Tel: 021 872 1346
sales@cathmar.co.za | www.cathmar.co.za

Sales and repairs of audio & video equipment. Installation and maintenance of DSTV & Streaming devices.

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

RUSOORD: SONDAE 0M 10:30 IN RUSOORD KAPEL:
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek bedien.



# DANKOFFERS

## DANKOFFERS, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

TORINGKERK ZAPPER

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN
BLY IN KONTAK
METJOU
TORINGKERK
GEMEENSKAP
VIA
WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GROEP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.